

Voorbereid op verandering



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

1 Korintiërs 10:1-13, Geesis. 2:24, 1 Korintiërs 13:4-8, 1 Samuel 1:27, Ps. 71 en 1 Korintiërs 15:24-26.

Geheeteks:

“Die geregtigheid sal Hom vooruitgaan en ’n pad maak vir sy koms” (*Psalm 85:13, NAB*).

Die lewe gaan sy gang, tog is daar altyd ’n wending. Al wat onveranderd bly, is die feit dat niks onveranderd bly nie. Dit is maar iets waarmee ons moet saamleef. Die natuurwette beaam ook hierdie feit – naamlik dat verandering ’n wesentlike verskynsel in die heelal is. Verandering is dikwels ook onverwags. Die een oomblik verloop alles volgens plan, en dan verander die lewe eensklaps. Dit vang ’n mens omtrent onkant.

Ander kere weer is jy dit te wagte. Daar is aanduidings, gevaartekens of aanwysers; dinge wat ’n mens van die komende verandering in kennis stel. Wanneer so iets gebeur, moet ’n mens jou daarop begin voorberei. Die vlak van daardie voorbereidings hang natuurlik van die komende verandering af. Sulke veranderings is geneig om groot te wees – trou, kinders kry, oud word, en selfs die dood. Wat meer is, ons beleef hierdie dinge nie in afsondering nie. Wat beteken dit? Dat die veranderings wat die individu te beurt val, dikwels ook gevolge (gewoonlik ingrypande gevolge) vir die gesin en die groter familie inhou. Terselfdertyd is die omgekeerde ook waar, naamlik dat verandering binne die huisgesin ’n bepaalde uitwerking op die afsonderlike lede het. Vandeesweek bekyk ons die veranderings wat die meeste van ons, een of ander tyd, die hoof sal moet bied, en ook watter impak dit op die gesinslewe kan hê.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 April.*

Onvoorbereid

Wanneer dit by die Woord van God kom, is een ding seker: Dit bak geensins mooi broodjies nie. Intendeel, die harde werklikheid van die lewe kom onder die loep. Selfs die dieptes van menslike seerkry en wanhoop word plek-plek beskryf. Om eerlik te wees, met uitsondering van die eerste en laaste paar bladsye van die Bybel, is die verhaal van die mensdom wat daarin uitgebeeld word grotendeels 'n tragiese affêre. Paulus oordryf ook nie wanneer hy skryf: “Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” nie (*Rom. 3:23, NAB*).

Lees 1 Korintiërs 10:1-13. Watter waarskuwings en watter beloftes het ons hier?

In baie opsigte is ons optrede bloot die wyse waarop ons op verandering reageer. Neem in ag dat ons voortdurend met uitdagings te kampe het. Die Christen se groot uitdaging is om al die lewe se uitdagings in geloof die hoof te bied, terwyl jy deurgaans op die Here vertrou. Die geloof wat 'n mens natuurlik aan die dag moet lê, is die soort wat tot gehoorsamheid lei, ongeag die versoeking om presies die teenoorgestelde te doen. “Mense van inbors – dít is die wêreld se grootste behoefte – manne en vroue wat nie gekoop kan word en ook nie verkoop wil word nie; manne en vroue wat ten diepste eg en opreg is; manne en vroue wat nie bang is om sonde by die naam te noem nie; manne en vroue wie se pligsgetrouheid geen weifeling ken nie; manne en vroue wat bly staan al is hemel en aarde besig om te val!” (Ellen G. White, *Education*, bl. 57). Hierdie woorde was en is steeds geldig – vir Israel van ouds, vir dié wat in Ellen G. White se tyd geleef het, en ook vir die hedendaagse gelowige.

Die mens in die volgende teksverse het almal voor verandering te staan gekom en toe foute begaan. Hoe het hulle gefouteer en wat kan 'n mens daaruit leer?

Hand. 5:1-10

Gen. 16:1, 2, 5, 6

Matt. 20:20-22

Verandering kom, en dikwels daarmee saam versoekings, uitdagings en soms ook vrees. Is dit nie, derhalwe, van kardinale belang dat ons die volle wapenrusting van die gees aantrek ten einde hulle reg te hanteer nie? Soos ons reeds gesê het: Vir alles wat kom, beide die sienlike en onsienlike, moet ons gereed wees – ongeag of daardie veranderings deel van die alledaagse lewe is en ons dit te wagte is, of dit buitengewoon en onverwags is.

Vorbereiding vir die huwelik

Trou is een van die grootste veranderings in 'n mens se lewe. Nie almal trou natuurlik nie. Jesus, en ook vele ander bybelfigure, het dit per slot van rekening nooit gedoen nie. Nietemin is daar baie mense wat trou, en daarom swyg die Bybel ook geensins oor die huwelik nie – dit is immers 'n lewensveranderende onderneming. Dit is ook dan die eerste maatskaplike ooreenkoms wat in die Bybel vermeld word. Die Here se presiese woorde aan Adam en Eva in dié verband, word op drie ander plekke in die Skrif herhaal – dít is hoe belangrik die huwelik vir God is. “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word” (*Gen. 2:24, NAB; lees ook Matt. 19:5, Mark. 10:7, Ef. 5:31*). Wat sê hierdie teksverse vir 'n mens? Dat die verhouding tussen jou en jou aanstaande voorrang geniet sodra jy trou. Dit word selfs belangriker as die band tussen jou en jou ouers, en tussen jou huweliksmaat en sy of haar ouers. Een van die redes hoekom die huwelik tussen 'n man en 'n vrou so belangrik vir God is, is omdat dit die verhouding tussen Jesus as die Seun van God enersyds, en die kerk as sy bruid andersins, versinnebeeld (*Ef. 5:32*). Wanneer 'n mens 'n huis wil bou, moet jy egter eers die koste bereken (*Luk. 14:28-30*); hoeveel te meer wanneer jy aan 'n huisgesin wil begin bou? 'n Letterlike huis bestaan uit sement en bakstene, hout en yster, draad en glas; maar 'n huisgesin word met nie-stoflike dinge gebou.

Lees 1 Korintiërs 13:4-8 en Galasiërs 5:22, 23. Daar is bepaalde karaktereenskappe wat onontbeerlik in die lewe is, maar waarsonder die huweliksband veral nie behoue kan bly nie. Skryf dit nou neer.

Vorbereiding vir die huwelik begin by die individu. Terselfdertyd moet daardie persoon ook sy of haar aanstaande mooi bekyk, om te sien of daardie een werklik 'n pasmaat is. Is hy of sy 'n harde werker? (*Spr. 24:30-34*). Het daardie een 'n slegte humeur? (*Spr. 22:24*). Het ons dieselfde oortuigings? (*2 Kor. 6:14, 15*). Hoe voel my ouers en my vriende oor my aanstaande? (*Spr. 11:14*). Waardeur laat ek my lei – deur emosies of geloof? (*Spr. 3:5, 6*). Die antwoorde op hierdie vrae is aanwysers van toekomstige huweliksgeluk of -smart.

Dink nou aan 'n paar goeie huwelike. Watter beginsels kan 'n mens daaruit put wat ook op ander interpersoonlike verhoudings toegepas kan word?

Vorbereiding vir ouerskap

Min dinge verander 'n mens se lewe soos die geboorte van 'n kind. Jou gesinnetjie sal en kan nooit ooit weer dieselfde wees nie. “Soos pyle in die hand van 'n krygsman, so is seuns wat gebore is toe hulle vader nog jonk was” (*Ps. 127:4, 5, NAB*). Desnieteenstaande word daardie bondeltjies vreugde nie met gebruikersgidse gebore nie. Daar is geen gedetailleerde uiteensetting van wie die kind is en wat hy of sy presies benodig nie, of selfs watter probleme kan opduik en hoe elkeen opgelos behoort te word nie. Selfs gesoute ouers staan soms verstom oor die woorde, dade en houdings van hul kinders. Om kinders groot te maak, is 'n reuse verantwoordelikheid. 'n Mens moet dus daarvoor gereed wees. Dit is net so belangrik soos huweliksgereedheid.

Let op die volgende geboortes in die Bybel, wat duidelik wonderwerke was. Nietemin kan voornemende ouers bepaalde beginsels oor kinderopvoeding hieruit put. Lees 1 Samuel 1:27; Rigters 13:7 en Lukas 1:6, 13-17, 39-45, 46-55, 76-79. Skryf dan daardie beginsels neer.

Dink net aan die groot verantwoordelikheid, maar ook geleenthede, wat God aan elk van hierdie paartjies geskenk het. Kyk net wat hul kinders eendag sou wees – drie profete en leiers, een die voorloper van die beloofde Messias, en een sou die Christus Self wees! Hoewel ons kinders waarskynlik nie die soort patriarge en profete gaan wees waarvan 'n mens in die Bybel lees nie, behoort voornemende ouers hulle steeds voor te berei op die ingrypende veranderings wat ouerskap bring.

“Selfs voor die kind se geboorte moet die voorbereidingswerk vir 'n lewe van suksesvolle stryd teen die bese begin. “As die moeder tydens haar swangerskap gemaksugtig – en ook selfgesentreerd, ongeduldig en puntenerig – is, gaan daardie eienskappe posvat by die kind. Tallose kinders ontvang sodoende 'n erfenis [van ondergang]: 'n Byna onoorkombare neiging tot boosheid” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 256).

Party mense het kinders van hul eie om te versorg. Ander help kinders in die gemeenskap uit pure medemenslikheid. Hoe dit ook al sy, nou is die vraag net: Hoe kan 'n mens, op 'n praktiese wyse, reg aan daardie Godgegewe verpligting laat geskied?

Vorbereiding vir oudword

“Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe” (*Ps. 90:10, NAB*). Moses se woorde herinner ’n mens aan die feit dat die tyd stadig maar seker sy gang gaan. Dit is iets wat jy mettertyd aan jou liggaam sien en voel. Hare wat grys word of uitval, stadiger reaksies, pyne en kroniese siekte – al hierdie dinge word deel van ’n mens se lewe. As jy getroud is en kinders het, en hulle op die beurt hul eie het, het die tyd vir ouma- en oupa-wees nou aangebreek. Al die voorafgaande lewensfasies berei ’n mens boonop op die slotfase voor.

Lees Psalm 71. Wat leer ons hieruit oor oudword en hoe ’n mens jou daarop (en ook op die lewe as ’n geheel) kan voorberei?

Psalm 71 is die insae van ’n ouer persoon, wat al die stampe en stote van die lewe al moes deurmaak. Nietemin is hy (of selfs sy) tevrede met die verloop van sake omdat hy deurgaans sy vertroue in die Here gestel het. Daardie vertroue is iets wat van jongs af aangekweek moet word en is die beste manier om oud te word. In ’n breë sin deel die psalmdigter drie lewenslesse in aanloop tot die bejaarde fase met die leser.

1. Leer die Here op ’n diepgaande en eerstehandse wyse ken. Van kindsbeen af (*Ps. 71:17*) is God sy toevlugsoord (*Ps. 71:1, 7*) en Verlosser (*Ps. 71:2*). God is sy rots en vesting (*Ps. 71:3*), die een op wie hy kan hoop en vertrou (*Ps. 71:5*). Hy praat van God se verlossingswerk (*Ps. 71:16, 17*), van sy handewerk en mag (*Ps. 71:18*), en al die groot dinge wat Hy gedoen het (*Ps. 71:19*). Sy lofprysing bereik uiteindelik ’n crescendo: “Wie is soos U, o God?” (*Ps. 71:19, NAB*). Ons behoort dus daagliks ’n gesprek met God te voer, terwyl ons sy Woord bestudeer, en ook sy weldade ten bate van die mens bepeins. Dit sal ons ’n nouer wandel met Hom gee.
2. Kweek goeie gewoontes aan. Voedsame kos, oefening, water, sonskyn, rus e.s.m. sal ons help om langer te leef en die lewe meer te geniet. Let veral op die beoefening van die volgende gewoontes, waarvan die psalmdigter melding maak: Om op die Here te vertrou (*Ps. 71:3*), lofprysing (*Ps. 71:6*) en die koestering van hoop (*Ps. 71:14*).
3. Ontwikkel ’n passie vir die werk van die Here. Die psalmdigter droom geensins van ledigheid op sy oudag nie. As afgetredene wil hy steeds die Here loof en prys (*Ps. 71:8*) en ook ander van Hom vertel (*Ps. 71:15-18*).

’n Vraag vir die ouer bybelstudent: Watter voordele hou ’n mens se goue jare in? Watter insigte het jy nou waaroor jy nie in jou jonger jare beskik het nie?

Vorbereiding vir die dood

Met uitsondering van diegene wat ten tye van die wederkoms nog lewendig is, is daar een verandering wat op ons almal wag: Die dood. Watter verandering het immers 'n groter impak op die gesin – naas trou en kinders kry – as die dood van 'n naby geliefde?

Lees 1 Korintiërs 15:24-26. Wat sê hierdie skrifgedeelte vir ons oor die dood?

Die dood kom dikwels skielik en boonop op 'n tragiese wyse. Dink net aan die tallose mans, vroue en kinders wat soggens werk en skool toe gaan, maar wat saans nooit die huis haal nie. Dan is daar ook diegene wat die nuwe dag vol hoop tegemoetgaan, net om teen sonsondergang 'n geliefde kwyt te wees. 'n Mens kan natuurlik in geloof 'n noue wandel met God handhaaf, en jy kan ook seker maak dat jy voortdurend met die geregtigheid van Christus bekleed is (*lees Rom. 3:22*). Tog kan 'n mens jou nie werklikwaar op iets voorberei wat uit die bloute kom nie – nie jy of jou geliefdes nie. Dan is daar ook nog 'n ander probleem: Terminale siekte. Hoe sal jy maak as jy net 'n paar maande oor het? Hoewel 'n mens nie jou presiese sterwensuur ken nie, weet jy tog wanneer dit min of meer naby is. Vorbereiding vir die onafwendbare dood bly dus van kardinale belang – vir óns én ons geliefdes.

Lees 1 Konings 2:1-4. Dit vorm deel van Dawid se afskeidswoorde aan sy seun Salomo. Watter lesse kan ons (en ons huismense) hieruit oor voorbereiding vir die dood put?

Met die eerste oogopslag wil 'n mens byna kopsig maak: Wat wou! Dawid – die einste man wat met Batsjeba owerspel gepleeg en toe die swanger vrou se man om die lewe laat bring het (*lees 2 Samuel 11*) – en hy preek hier vir sy seun oor voorbeeldig lewe! Tog is dit 'n kragtige vermaning juis omdat Dawid gesondig het en omdat daardie sonde sulke verskriklike gevolge gehad het. Dit is ongetwyfeld 'n poging om sy seun te waarsku teen die slaggate van sonde waarin hy self beland het. Dit het hom immers baie smarte besorg. Op die harde manier moes Dawid leer: Jy betaal vir jou sonde. Duidelik het hy gehoop dat sy seun die seerkry van egbreuk sou vryspring.

Vir verdere studie:

Israel van ouds se woestynomswerwinge word gekenmerk deur 'n string foute, en keer op keer te midde van groot veranderings. Ten spyte van die wonderbaarlike wyse waarop God sy liefde asook sy krag en mag aan hulle ten toon gestel het, maak die volk telkens liederlik droog. Dit is dan hoekom Moses die volk toespreek toe hulle uiteindelik op die punt staan om die Beloofde Land binne te gaan. Die Beloofde Land is boonop 'n verdere keerpunt – oftewel verandering – in die geskiedenis van Israel. Hy sê vir hulle: “Julle eie oë het gesien wat die Here by Baäl-Peor gedoen het: elkeen wat vir Baäl-Peor gedien het, is deur die Here julle God tussen julle uit verdelg. Maar julle wat getrou gebly het aan die Here julle God, lewe vandag nog almal. Kyk, ek het julle die voorskrifte en die bepalings geleer soos die Here my God my beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem. Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: ‘Net hierdie groot nasie het wysheid en insig.’ Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is, elke keer as ons tot Hom bid? Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee? Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp” (*Deut. 4:3-9, NAB*). Die Here se weldade moet ons nooit uit die oog verloor nie. Dit is tog so belangrik. Om dit aan diegene om ons, en aan ons kinders en hul kinders oor te dra, bly sekerlik die beste benadering, nie waar nie? Let eger op die kernrol wat die gesin hier speel – die ouers moes dit aan die kinders oordra. Wat meer is, met elke herhaling van die tipe sonde wat die volk by Baäl-Peor gedoen het, is dit telkens die gesinseenheid wat in die slag bly. “Bandeloosheid was die misdaad wat God se oordele oor Israel gebring het. Baäl-Peor was ook nie die laaste keer dat vrypostige vroue ander in sonde laat beland het nie” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 326).

Vrae vir bespreking:

1. Vra jou af: Hoe berei ek my op party van die groot lewensfases – soos werk, loopbaan, die huwelik, ouerskap, aftrede, e.s.m. – voor? Hoe het daardie veranderinge my ouerhuis of later my eie gesin geraak? Watter lesse het ek daaruit geleer wat ander op die drumpel van soortgelyke fases kan help? Bespreek hierdie dinge in klastyd.
2. Dink nou weer aan Dawid se afskeidswoorde in die lig van sy ouerspel met Batseba – 'n sonde wat 'n klad op die res van sy regering gelaat en 'n negatiewe uitwerking op sy huishouding gehad het. Hoe sien 'n mens, nietemin, die werking van God se genade as 'n wesentlike verskynsel hier?